# Om vir 'n tweede lewe te spaar

## Jou aftrede is 'n geleentheid vir 'n nuwe avontuur

Dit is verstaanbaar dat mense dit moeilik vind om vir aftrede te spaar. Adviseurs en artikels maan ons altyd om 'n deel van dit wat ons vandag geniet om te doen, prys te gee, om 'n basiese inkomste te voorsien vir wanneer ons aftree, sodat ons teen daardie tyd op die stoep kan sit en ontspan. Hoe vervelig.

Dit is nie die beste voorbeeld van 'n lewensuitkyk nie. Met langlewendheid aan die toeneem, het iemand in sy of haar 30's 'n goeie kans om 90 te haal. Vandag is 'n 70-jarige nog redelik jonk en beslis nie gereed om op 'n stoep te sit terwyl die lewe verbygaan nie!

By aftrede pak baie mense nuwe loopbane aan of gebruik die talente wat hulle oor die laaste 40 jaar aangeleer het, om welsynswerk te doen. Vir ander is dit weer die ideale tyd om uiteindelik met daardie stokperdjie te begin waarvoor daar nooit voorheen tyd was nie.

**Liberty praat met Rosslyn Maude Magill, wat vier jaar gelede op ouderdom 91 jaar met klavierlesse begin het en bewys dat die lewe nie op 65 eindig nie. Haar verhaal wys ons ook daarop dat jy nooit weet waarmee die lewe jou volgende gaan verras nie.**

*Wat het jou laat besluit om klavierlesse te neem? Is dit 'n droom wat jy nog altyd gehad het?*
My ma het my geleer hoe om klavier te speel toe ek 11 jaar oud was, maar sy is kort daarna oorlede en ek het nooit weer die geleentheid gehad om te speel nie. Hier by die aftree-oord reël ek die jaareind-konsert en word die klavier in my kamer geberg. Eendag het ek so by myself gewonder of ek nog kan speel. Ek was toe 91 jaar oud. My buurvrou by die aftree-oord was 'n klavieronderwyseres en het aangebied om my weer te leer.

*Hulle sê jy is net so oud soos jy voel: wat hou jou jonk?*
Toe ek jonger was, het iemand eendag 'n snaakse storie vertel. Hulle het gesê elke keer wanneer jy aan iets nuuts dink, groei daar nuwe breinselle. Dit klink miskien onwaarskynlik, maar ek het myself belowe dat ek sal probeer om elke dag iets nuuts te leer. Ek lees, luister en stel in enigiets belang ten einde my brein gestimuleer te hou. Ek hou ook daarvan om te glo my lewenskragtigheid is te danke aan my jonger dae toe ek op 'n plaas grootgeword het. (Sy lag.)

*Toe jy nog in jou twintigs was – het jy ooit geglo dat jy op 90 steeds sterk sou wees, om nie eens te praat van nuwe vaardighede aanleer nie? Was jy finansieel daarop voorbereid?*

Nee, ek het nooit daaraan gedink nie. My ma is op ouderdom 38 oorlede en haar ma weer op 48, hoewel my oumagrootjie aan vaderskant eers op 93 oorlede is. Toe ek moes aftree, was ek beslis nie gereed daarvoor nie. My man was baie siek met suikersiekte en ek moes tuis bly om hom te versorg. Ek was in daardie stadium 66 jaar oud, maar toe ek my bedanking indien, het my baas my probeer oorreed om te bly deur my ‘n groot salaris aan te bied. Ek was gevlei, maar het geweet dat ek tuis benodig word.

*Sou jy enigiets op ‘n ander manier aangepak het as jy kon?*

Beslis. Ek wens ek het die geleentheid gehad om my skoolloopbaan te voltooi. Ek het ‘n beurs gehad om mee skool te gaan, maar ek kon nie klaarmaak nie, omdat my pa my tuis nodig gehad het om met my jonger suster te help nadat my ma oorlede is. Ek sou baie graag ‘n onderwyser wou gewees het.

*As jy jou jonger self kon raadgee, wat sou dit wees?*

Vohard net, ongeag van wat op jou pad kom. Jy moet net die struikelblokke oorkom. Ek het ‘n ongelukkige jeug gehad, omdat ek moes huishou toe ek nog baie jonk was, om my pa te help. Nogtans het ek net voortgebeur. Ek wonder of my opvoeding my dalk so sterk gemaak het soos wat ek vandag is.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*